Die Volkstem.

5 - 12 - 30.

# Vrystaatse N.P.-kongres.

## SALARISVERMINDERING BESPREEK.

## Stigting van 'n Boerebank voorgestaan.

BLOEMFONTEIN, Donderdag. (R.) —Op die Vrystaatse Nat. Kongres het vyftien takke daarop aangedring dat salarisse verminder moet word, van die Goewerneur-genl. onder-toe. Tabantsjoe het voorgestel dat die toelaag van parlementslede £200 minder moet wees.

Besluit is om, met die oog op die Minister van Finansies se besuinigingsplanne, die saak aan die Regering oor te laat.

Eenparig is besluit om aan te dring dat oud-amptenare, wat pensioen trek nie weer in diens geneem moet word met behoud van pensioen nie.

Vrede het voorgestel dat boere nie inkomstebelasting moet betaal nie. Hieroor was heelwat verskil. Van die voorstel is afgestap.

Uit Petrusburg het 'n voorstel gekom dat die kongres moet oorweeg hoe geldvermorsing deur die Dept. van Openbare Werke stopgesit kan word. Voorbeelde van geldverspilling, b.v. by die optrek van geboue, is aangehaal.

Mnr. J. C. Buys, L.U.K., het verklaar dat die Vrystaat daaroor dink om 'n eie Dept. van Openbare Werke te stig, want die Prowinsiale Administrasie meen dat hy die werk self goedkoper kan doen.

Besluit is om aan die hand te doen dat die Regering nagaan hoe hy in die Departement kan besuinig.

### 'N BOEREBANK.

Genl. E. A. Conroy het die kongres toegespreek oor die stigting van 'n boerebank. Hy wou hè dat die boere self die nodige geld bymekaar maak, b.v. met 'n heffing op alle produkte. B.v. 1d. op 'n dosyn eiers of 'n pond boter, 3d. op 'n sak mielies, 6d. op 'n sak koring, 1/6 of 2/- op 'n baal wol, 1/- op 'n skaap en 5/- op 'n bees, sou £700,000 of £800,000 p. jaar opbring. Na die storting vyf jaar geskied het aan die Skatkis, sou daar £5 miljoen wees om mee te begin. Vir die betalings kry die boere bewyse. Spr. en 'n paar vrinde het die plan om in die volgende Volksraadsitting wetgewing in te dien. Eers die jaar daarop sal probeer word om dit finaal deur te kry. Die Regering het met die plan niks te doen nie. Die Parlement sal alleen gevra word om betaling van die heffings verpligtend te maak.

Die kongres het die plan in beginsel goedgekeur.

### HOOFBESTUUR.

Die volgende is gekies as lid van die Hoofbestuur, as verteenwoordigers van die manne op die nuwe gesamentlike bestuur: sen. W. J. C. Brebner, adv. C. R. Swart, L.V., dr. D. G. Conradie, L.V., sen. C. A. van Niekerk, mnr. H. J. Otto, dr. N. J. v. d. Merwe, L.V., en senator D. J. Malan.

Besluit is om te vra om 'n onpartydige griewe-kommissie vir die Spoorweg.

Die kongres het hom uitgespreek teen hoër beroep by die Geheime Raad en gebruik van vroue op juries. Die konferensie van blankes en nie-blankes te Fort Hare is afgekeur; eweneens vryhandel in die Ryk.

Gekla is dat die Spoorweg nie Afrikaans genoeg gebruik nie. Die saak is aan die Hoofbestuur oorgelaat.

Op 'n gesamentlike byeenkoms van die manne- en vroue-partye is die volgende gekies as lid van die Federale Raad van die N. P.: mevr. D. G. Conradie, mevr. de Villiers, senr. Brebner en adv. C. R. Swart, L.V.